

## **LES 5: DIE LEWE VAN 'N WARE GELOWIGE**

### **5.1 Oorsprong in die Ou Testament**

In die Apostel Paulus se dae het die volgeling van Yahshua 'n sekere lewenstyl gehandhaaf wat deur koninklikes en staatsamptenare in erkenning geneem was. Toe Paulus onder huis arres was het hy sy lewenstyl verdedig teenoor Felix, die prokurator van Judea. Let op na Felix se reaksie.

*Hand 24:22 "Toe Felix dit hoor, het hy hulle saak uitgestel, alhoewel hy noukeurig genoeg met die dinge van die Weg bekend was; en hy het gesê: Wanneer Lisias, die owerste oor duisend afkom, sal ek julle saak ten volle ondersoek."*

Paulus het vroeër in die hoofstuk die volgende aan Felix verklaar.

*Hand 24:14 "Maar dit erken ek voor u dat ek volgens die Weg wat hulle sekte noem, so die Elohim van my vaders dien, terwyl ek alles glo wat in die wet en in die profete geskrywe is," [dit is wat nou die Ou Testament genoem word].*

Dit is van kardinale belang om te verstaan dat die lewenstyl van 'n ware gelowige gevestig is in die Ou Testament. Dit word gebaseer op Die Tien Gebooie, sowel as Yahweh se ander wette wat ook op die prinsiep van die "basiese tien" gebaseer word.

### **5.2 Die perfekte wet van Yahweh: Die standaard.**

Yahweh se perfekte, spirituele karakter kan opgesom word met een woord: liefde. Yahweh is liefde (*Johannes 4:8,16*), daarom moet ware gelowiges groei in Sy liefde.

*1 Joh 5:3 Want dit is die liefde tot Elohim, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie.*

Die apostel Jakob verwys in *Jakob 2:8-12* na die Tien Gebooie as die koninklike wet van vryheid. Die Tien Gebooie bevry ons dus van die juk van die sondige weë van die wêreld. Die Tien Gebooie onthul die liefde wat Yahweh vir Sy kinders het.

Voor Yahshua se kruisiging het hy aan sy dissipels die volgende gesê:

*Joh 15:10 As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in Sy liefde bly.*

Yahweh se liefde en wet is in perfekte harmonie. Yahweh se liefde en wet staan nie teenstrydig met mekaar nie, alhoewel sommige mense verkeerdlik daarvan oortuig is.

Yahshua sê in *Johannes 14:15 "As julle My liefhet, bewaar My gebooie."*

### **5.3 Wat is die eienskappe van 'n ware gelowige?**

Yahshua beskryf die lewe van 'n ware gelowige in die boek van Mattheus hoofstukke 5 – 7, wat as die Bergpredikasie bekend staan. Die preek het eintlik begin as 'n privaat les vir die dissipels (studente of leraars). Yahshua het gewys wat die eienskappe van sy volgeling behoort te wees, met ander woorde, eienskappe wat sy volgeling identifiseer.

**Lees Mattheus 5, 6 en 7 deur en gaan dan weer voort met die les.**

#### **5.3.1 Wat het Yahshua gesê van die "armes van gees"?**

*Matt 5:3 Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.*

Hierdie teks bedoel nie dat die Gees van Elohim afwesig is van die mens nie, intendeel, Yahshua wou bewys dat diegene wat nederig is geseënd sal wees want dit is die nederiges wat in die Koninkryk van Yahweh sal wees. Die volgende twee tekste sluit aan by *Mattheus 5:3*.

*Rom 8:9 julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, indien die Gees van Elohim in julle woon. Maar as iemand die Gees van Messias nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie.*

*Luk 11:13 As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?*

### **5.3.2 Wat sal die sagmoedige erf?**

*Matt 5:5 Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe.*

*Matt 11:29 Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele;*

Yahshua was sagmoedig en nederig, daarom leer Hy ons dat dit eienskappe is in die lewe van 'n ware gelowige.

*Efe 4:1 Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in Yahweh, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is,*

*Efe 4:2 met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra*

Daar is 'n verskil tussen sagmoedigheid en swakheid. Yahshua was sagmoedig, maar nie 'n swakkeling nie. Hy het fisieke geweld en beserings geduldig verdra sonder enige kwade gevoelens.

#### **'n Sagmoedige persoon:**

- sal homself nie regverdig as hy verkeerd is nie;
- as die meerdere aanstel of superieur voel oor ander nie;
- hy probeer nie wraak neem nie.

### **5.3.3 'n Volgeling van die Messias is regverdig**

*Matt 5:6 Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word.*

#### **Wat is die Bybelse definisie van geregtigheid?**

*Ps 119:172 My tong sal u woord besing, want al u gebooe is geregtigheid.*

'n *Honger en dors* na geregtigheid is 'n diepe motivering om Yahweh te gehoorsaam en sy wette, wat Hy vir ons gegee het uit liefde vir ons eie beswil, na te volg.

Diegene wat werklik honger en dors vir regverdigheid sal Yahweh se woord bestudeer om dit te verstaan. Hulle sal vrywilliglik verander wanneer hulle sien dat hulle verkeerd was en openlik erkenning gee aan 'n verkeerde geloofsoortuiging, hul karakter foute en hulle gewillige sondes.

Paulus het aan Timoteus geskryf:

*"Lê jou daarop toe om jou beproef voor Elohim te stel..." (2 Tim 2:15).*

*"Beproof alle dinge..." (1 Tes : 5:21) het Paulus aan die Tessaloniers gesê.*

### **5.3.4 Wie sal die koninkryk van Yahweh binnegaan?**

*Matt 7:21 Nie elkeen wat vir My sê: Meester, Meester! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.*

Let wel, om die koninkryk van Yahweh te kan ingaan moet ons iets doen en nie net bely dat Yahshua ons saligmaker is nie. Yahweh stel dit duidelik dat ons nie die koninkryk kan betree met die gedagte dat Yahshua dit alles vir ons alreeds gedoen het nie. Die volgende teksverse uit die bergpredikasia gee 'n uitbreiding vir die lewe van 'n ware gelowige.

### **5.3.5 'n Ware gelowige streef om Yahshua se voetstappe na te volg**

*1 Pet 2:21 Want hiertoe is julle geroep, omdat Yahshua ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg;*

*1 Joh 2:6 Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het.*

### **5.4 Yahshua se opdrag aan Abraham**

*Gen 17:1 Toe Abram nege en negentig jaar oud was, het Yahweh aan Abram verskyn en vir hom gesê: Ek is Elohim, die Almagtige; wandel voor my aangesig, dan sal jy opreg wees.*

**Vanuit die skrif word daar afgelei dat Abraham saam met Yahweh gewandel het.**

*Gen 26:5 omdat Abraham na my stem geluister en my ordening, my geboorte, my insettinge en my wette onderhou het.*

*Heb 11:8 Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom.*

*Heb 11:9 Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in 'n vreemde land en in tente gewoon met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte.*

*Heb 11:10 Want hy het die stad verwag wat fundamente het, waarvan Elohim die boumeester en oprigter is.*

Abraham het saam met Yahweh gewandel omdat hy naby aan Yahweh gebly het deur sy gehoorsaamheid aan Sy woord. Menigte dink dat hulle verwerp word deur Yahweh as gevolg van sonde. Dit is nie die geval nie. Die sonde verwyder ons van Yahweh sodat ons nie meer die klein, stil stemmetjie hoor wat vir ons help onderskei tussen reg en verkeerd nie.

Die Torah van Yahweh is 'n seën aan die mensdom en help met die onderskeiding tussen reg en verkeerd. Daagliks maak ons honderde besluite van die oomblik wanneer ons wakker word. Wat gaan ek eet, wat sal ek aantrek, ens? Die Torah dien as riglyn om ons te help met besluite oor dit wat ons en ander om ons sal gelukkig en gesond maak. 'n Ware gelowige wil deur die Woord van Yahweh 'n nabye verhouding met die Hemelse Vader hê.

### **Was Yahweh 'n vriend en kameraad vir Abraham?**

*Jak 2:23 En die Skrif is vervul wat sê: En Abraham het Yahweh geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken, en hy is 'n vriend van Yahweh genoem.*

Gehoorsaamheid aan elke woord uit die mond van Yahweh dien as bewys dat ons volkome glo in sy woord en volkome vertrou het in Hom en Sy wil in ons lewe.

### **Hoe kan ons ook vriende word van Yahshua?**

*Joh 15:14 Julle is my vriende as julle alles doen wat Ek julle beveel.*

## **5.5 Wat is die ware gelowige se gesindheid teenoor die sondige gemeenskap rondom hom?**

*1 Joh 2:15 Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie.*

*1 Joh 2:16 Want alles wat in die wêreld is - die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe - is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld.*

*1 Joh 2:17 En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van Yahweh doen, bly vir ewig.*

*1 Pet 4:1 Omdat Yahshua dan vir ons na die vlees gely het, moet julle jul ook wapen met dieselfde gedagte, dat wie na die vlees gely het, opgehou het met die sonde,*

*1 Pet 4:2 om die orige tyd in die vlees nie meer volgens die begeerlikhede van die mense te leef nie, maar volgens die wil van Elohim.*

*1 Pet 4:3 Want dit is genoeg dat ons die afgelope lewenstyd die wil van die heidene volbring het deur te wandel in ongebondenheid, begeerlikheid, dronkenskap, brasserye, drinkpartye en ongeoorloofde afgoderye.*

*1 Pet 4:4 Daarom vind hulle dit vreemd as julle nie saamloop in dieselfde uitgieting van losbandigheid nie, en hulle laster.*

## **5.6 Waarna moet die ware gelowige streef om volgens te leef?**

*Matt 4:4 Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van Elohim uitgaan.*

## **Is dit enigsins anders as wat Yahweh in die Ou Testament gesê het?**

*Deut 8:1 Al die gebooie wat ek jou vandag beveel, moet julle sorgvuldig hou, dat julle mag lewe en vermenigvuldig, en dat julle mag inkom en die land in besit neem wat Yahweh aan julle vaders met 'n eed beloof het.*

*Deut 8:2 En jy moet dink aan die hele pad waarlangs Yahweh jou Elohim jou nou veertig jaar lank in die woestyn gelei het tot jou verootmoediging en beproewing, om te weet wat in jou hart is, of jy sy gebooie sal hou of nie.*

*Deut 8:3 En Hy het jou verootmoedig en jou laat honger ly en jou die manna laat eet wat jy en jou vaders nie geken het nie, om aan jou bekend te maak dat die mens nie van brood alleen lewe nie, maar dat die mens lewe van alles wat uit die mond van Yahweh uitgaan.*

Yahweh verander nie (*Mal 3:6*). Die wet van Yahweh versinnebeeld sy hele wese en karakter. Yahweh se ewige wet, soos gebaseer op sy karakter van liefde, is dieselfde in die Ou en Nuwe Testament. Die Levitiese offergawes van diere was in die Ou Testament bygevoeg as gevolg van oortreding (*Gal 3:19*).

'n Ware gelowige wil Yahweh se Woord en weë volg. 'n Volgeling van Yahweh word innerlik versterk deur die Heilige Gees, sodoende wil die gelowige nie meer wetende die tradisies en gebruike van die wyer gemeenskap om hom volg nie. Voorheen sou die persoon gewetenloos, saam met die stroom, aan sosiale en besigheidsverrigtinge deelgeneem het, maar as gelowige begin jy alles van jou leefstyl bevraagteken.

"Wat is Elohim se wil? Wat sê Yahweh oor hoe ek moet leef?" In gebed en in wese sê die gelowige soos die Messias dit gestel het: *"Nie my wil nie, maar laat U wil geskied."* Dan begin die persoon ywerig die Woord bestudeer om te leer wat Yahweh se wil is, sodat hy dit kan navolg.

Volgelingen van Yahweh leef nogsteeds in die wêreld saam met ander (*Joh 17:15-16*). Terwyl gelowiges nie konformeer met die gebruike van die wye samelewing nie (*Rom 12:1-2*), moet hulle nogsteeds in vrede met hul medemens saamleef (*vers 18*). Indien 'n gelowige van mening verskil oor 'n Bybelse leerstelling, moet hy dit met liefde bespreek en verduidelik, sonder om onplesierig of eiegeregtig te wees.

## **5.7 Watter verantwoordelikheid het gelowiges teenoor die wêreld?**

*Matt 5:14 Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; Matt 5:15 en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is.*

*Matt 5:16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.*

Diegene wat die Heilige Gees ontvang het en weet dat Yahweh die weg en die waarheid is, moet hul liggies laat skyn in die donker wêreld van die samelewing. Volgelinge van Yahweh moet as voorbeeld dien vir ander deur die goeie vrugte van die Gees in hul daaglikse lewe tevore te bring. Reik uit na ander met 'n helpende en vriendelike hand. Mense wat nog nie deur Elohim geroep is nie sal in 'n goeie manier beïnvloed word deur die voorbeeld van Yahweh se volgelinge en heel waarskynlik aangemoedig word om aksie te neem en 'n ommeswaai te maak in hul eie lewe.

## **5.8 Elohim noem iemand 'n leuenaar in die volgende instansie:**

*1 Joh 2:4 Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooië nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie.*

*Jes 8:20 Tot die wet en tot die getuïenis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie.*

## **5.9 Wat sal 'n ware gelowige doen?**

*1 Joh 2:3 En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooië bewaar.*

*1 Joh 2:5 Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van Elohim waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is.*

*1 Joh 2:6 Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het.*

'n Ware gelowige het opreg belydenis afgelê van sonde en met die hulp van die Heilige Gees, streef hulle om volgens die leerstellings van Yahshua te lewe. 'n Ware gelowige streef om in elke aspek van die lewe volgens Yahweh se wil te leef, soos onthul in die Skrif, om verlossing met ander te deel en om die goeie nuus van die sameroeping van die kinders van Israel met ander te deel.

Yahshua, ons Messias, het die evangelie van Yahweh se koninkryk verkondig.

*Mar 1:15 en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van Elohim het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie.*

Herhaaldelik leer die Bybel ons van die belydenis van sonde. Sonde, die verbreking van Yahweh se wet (1 Joh 3:4), wat opgesom kan word as 10 universele begrippe bekend as die Tien Gebooië. Belydenis van sonde is die eerste stap na verlossing. Voordat Yahweh ons vergewe moet ons eers ons sondes aan Hom bely.

*Pred 12:13 Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees Elohim en hou Sy gebooië; want dit geld vir alle mense.*

## **5.10 'n Oorsig van die Tien Gebooië en hoe dit van toepassing is op die gelowige se lewe**

### **5.10.1 Abraham, ons aartsvader (Rom 4:16) het geleef volgens Yahweh se gebooië.**

*Gen 26:5 omdat Abraham na My stem geluister en My ordening, My gebooië, My insettinge en My wette onderhou het.*

### **5.10.2 Koning Dawid se houding teenoor Yahweh se wet is duidelik in Psalm 119.**

*Ps 19:7 Die wet van Yahweh is volmaak: dit verkwik die siel; die getuïenis van Yahweh is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige.*

*Ps 19:8 Die bevel van Yahweh is reg: hulle verbly die hart; die gebod van Yahweh is suiwer: dit verlig die oë.*

*Ps 19:9 Die vrees van Yahweh is rein: dit bestaan tot in ewigheid; die verordeninge van Yahweh is waarheid - tesame is hulle regverdig.*

*Ps 19:10 Hulle is begeerliker as goud, ja, as baie fyn goud; en soeter as heuning en heuning stroop.*

*Ps 19:11 Ook word u kneg daardeur gewaarsku; in die onderhouding daarvan is groot loon.*

Ons kan vanuit die bogenoemde teksverse aflei dat beide Abraham en Dawid die Wet van Yahweh gehoorsaam en respekteer het. Dawid se liefde, gehoorsaamheid en respek vir die wet word soos volg verklaar:

*Ps 119:97 Hoe lief het ek u wet; dit is my bepeinsing die hele dag.*

*Ps 119:98 U gebooi maak my wyser as my vyande, want hulle is myne vir ewig.*

*Ps 119:105 U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.*

Reg deur *Psalm 119* verklaar Dawid sy liefde aan Elohim en vertel hy hoe hy dit as riglyn in sy daaglikse lewe gebruik.

### **5.10.3 Yahshua, die Messias, het ook die Torah gehoorsaam**

*Joh 15:10 As julle my gebooi bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooi van my Vader bewaar en in sy liefde bly.*

Hy het ander ook aangemoedig om die wet te gehoorsaam.

*Matt 5:17 Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.*

*Matt 5:18 Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.*

*Matt 5:19 Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooi breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.*

*Matt 19:16 En daar kom een na Hom en sê vir Hom: Goeie Meester, watter goeie ding moet ek doen, dat ek die ewige lewe kan hê?*

*Matt 19:17 En Hy sê vir hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe een, naamlik Yahweh. Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooi.*

Die verse in *Mattheus 19* wys duidelik dat Yahshua na die Tien Gebooi verwys het. Nie in die Ou of Nuwe Testament word daar gesê dat 'n ware volgeling van Yahweh die Tien Gebooi willens en wetens breek nie, nee, juis die teenoorgestelde.

*Heb 10:26 Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie,*

*Heb 10:27 maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer.*

*Heb 10:28 As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuïenis van twee of drie;*

*Heb 10:29 hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van Elohim vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?*

#### **5.10.4 Die gemeente wat deur Yahshua opgebou is, leer gehoorsaamheid aan die Torah asook gehoorsaamheid aan ander instruksies gegee deur Yahshua.**

*Matt 5:21 Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie, maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg.*

*Matt 5:22 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur.*

*Matt 5:27 Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie.*

*Matt 5:28 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het.*

#### **5.10.5 Johannes en Paulus het ook die spirituele prinsiep van die Torah verstaan**

*1 Joh 3:15 Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie.*

*Rom 7:14 Want ons weet dat die wet geestelik is, maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde.*

*Mattheus 5:17 stel dit baie duidelik dat Yahshua nie gekom het om die Torah te ontbind nie, eerder om ander te leer daarvan en as voorbeeld vir ander te wys hoe om volgens die spirituele doel van Elohim se wet te leef. Yahweh gee die Heilige Gees aan diegene aan wie Hy 'n beroep doen om Hom te volg. Sy wil is dat gelowiges hom sal volg met die behoud van die spirituele doel van die Wet.*

Yahshua het moord en egbreek gebruik as voorbeelde om te verseker dat sy dissipels verstaan wat hy bedoel met die grootheid (*Jes 42:21*) van wetsgehoorsaamheid. Met ander woorde, Hy het dit duidelik gestel dat ons nie fisies moord of egbreek moet pleeg nie, maar ook dat haat teenoor ons naaste of seksuele denke teenoor iemand anders as ons eggenoot dieselfde is. Vyandskap met 'n ander is soos spirituele moord. Seksuele denke is soos spirituele egbreek. Yahshua het gewys dat Yahweh se wette van toepassing is, selfs met ons innerlike denke en houdings.

#### **5.10.6 'n Opsomming van die grootste wette in die Torah**

*Matt 22:36 Meester, wat is die groot gebod in die wet?*

*Matt 22:37 En Yahshua antwoord hom: Jy moet Yahweh jou Elohim liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.*

*Matt 22:38 Dit is die eerste en groot gebod.*

*Matt 22:39 En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.*

*Matt 22:40 Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.*

Wat is die basiese karakter eienskap van Yahweh se natuur en karakter?

*1 Joh 4:8 Hy wat nie liefhet nie, het Yahweh nie geken nie, want Yahweh is liefde.*

*1 Joh 4:16 En ons het die liefde wat Yahweh tot ons het, leer ken en geglo. Yahweh is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in Yahweh, en Yahweh in hom.*

Niemand kan verlossing verdien deur net die wette van Yahweh te onderhou nie. Die ewige lewe is 'n geskenk van Yahweh. Niemand kan 'n onsterflike lewe erf nie, selfs in 10,000 leeftye van gehoorsaamheid aan die wet nie. Niemand kan die ewigelewe beërwe deur wetteloos te lewe nie (*Rom 6:23*). Yahshua sê dat volgelingen van Yahweh Sy wil moet volg (*Matt 7:21*) en hul vertroue in Yahweh se genade stel, waar hulle kortkom en bely (*1 Joh 7-9*). Yahweh is liefde, daarom wys Yahshua dat die spirituele doel van Yahweh se wet ook liefde is. Die eerste vier gebooie wys ons hoe om Yahweh lief te hê, terwyl die laaste ses ons wys hoe om ons naaste lief te hê.

## 5.11 Liefde aan ons naaste vanuit die Skrif

*Jak 1:27 Reine en onbesmette godsdienst voor Yahweh en die Vader is dit: om wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek en jouself vlekkeloos te bewaar van die wêreld.*

*Matt 25:34 Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af.*

*Matt 25:35 Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My herberg gegee;*

*Matt 25:36 Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom.*

*Matt 25:37 Dan sal die regverdige Hom antwoord en sê: Yahweh, wanneer het ons U honger gesien en gevoed; of dors, en te drinke gegee?*

*Matt 25:38 En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien, en herberg gegee; of naak, en geklee?*

*Matt 25:39 En wanneer het ons U siek gesien of in die gevangenis, en na U gekom?*

*Matt 25:40 En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen.*

Wat kan 'n ware gelowige nog doen, buiten volkome toewyding en gehoorsaamheid aan Yahweh?

*Matt 19:17 En Hy sê vir hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe een, naamlik Yahweh. Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooië.*

*Matt 19:18 Hy vra Hom: Watter? En Yahshua sê dit: Jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie egbreek nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie;*

*Matt 19:19 eer jou vader en moeder; en: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.*

*Matt 19:20 Die jongman sê vir Hom: Al hierdie dinge het ek onderhou van my jeug af. Wat kom ek nog kort?*

*Matt 19:21 Yahshua antwoord hom: As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou goed en gee dit aan die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; en kom hier, volg My.*

*Matt 10:37 Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie.*

*Matt 10:38 En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie.*

*Matt 10:39 Wie sy lewe vind, sal dit verloor; en wie sy lewe verloor om My ontwil, sal dit vind.*

*Luk 12:33 Verkoop julle besittings en gee aalmoese; maak vir julle beurse wat nie oud word nie, 'n skat in die hemel wat onuitputlik is, waar geen dief by kom of mot verteer nie.*

*Luk 12:34 Want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.*

*Matt 16:24 Toe sê Yahshua vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg.*

*Matt 16:25 Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind.*

'n Ware gelowige het 'n groot verantwoordelikheid om sy lewe te leef vir Yahweh en Yahshua. Wanneer die gelowige Yahshua se bloedoffer aanvaar en die verbondsverhouding betree, behoort daardie persoon aan Yahweh. Aardse belange en begeertes moet nie jou lewe meer oorheers nie, alhoewel daar niks verkeerd is met dit waarmee Yahweh ons seën nie.

*Matt 6:33 Maar soek eers die koninkryk van Yahweh en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.*

Die ware gelowige stel die belange van hul medemens bokant hul eie. Die ware gelowige is verantwoordelik om ander uit liefde te dien en van hulp te wees vir die minderbevoorregtes en behoeftiges, veral weduwees en weeskinders.



**Kortlikse samevatting:**

- 1.) Yahweh en die Torah is standvastig en verander nooit. As gelowige volgelinge van Yahshua moet ons Hom gehoorsaam in alles wat ons doen, sodat ons naby aan Yahweh bly vir 'n vervulde, gelukkige lewe.
- 2.) 'n Ware gelowige sal vashou aan dit wat heilig en rein is en nie meer deelneem aan wêreldse dinge nie.
- 3.) 'n Ware gelowige help die behoeftige, hawelose mense en leef in liefde met mekaar.